


WATERLOO  
SOLAR



# KWARTAAL 1 2022 NUUSBRIEF

## SPORTFASILITEIT OPGEKNAP

Die nuut opgeknapte basketbal- en netbalbaan in Huhudi is op 9 Maart deur Lebogang Jacobs, raadslid vir wyk 8, en Piiso Gulane, speaker van die Naledi Plaaslike Munisipaliteit, aan die gemeenskap bekend gestel. Die opknappingswerk is deur Waterloo Solar befonds. Basketbal- en netbalspanne het tydens die bekendstellingsgeleentheid ook sportdrag, sowel as noodhulpstelle ontvang.

'n Prettige sportdag is gehou om die opening van die nuwe Dithakwaneng-sportfasiliteite te vier. Afrigtingsklinieke vir o.13 en o.15-spelers is deur voormalige Premierliga en Bafana-Bafana-spelers van Mzansi Sport Experts in samewerking met die Naledi Munisipaliteit aangebied. Die afrigtingsklinieke is deur Fabian McCarthy gelei met spelers soos Matthew Booth, Jabu Pule, Jabulane Mendu, Aubrey Vilakazi en Tshelo Mooi wat gehelp het om jong spelers se vaardighede te slyp. Plaaslike afrigters insluitend George Mofokeng, Edward Setai, Klaas-jan Top, Rene McCarthy en Oupa Molebatsi het ook die afrigtingsklinieke bygewoon.

Beffies, sokkerballe en kospakkies is tydens die geleentheid uitgedeel.



## ONDERNEMINGS- ONTWIKKELINGSPROGRAM

Ons Ekonomiese Ontwikkelingsentrum in Vryburg, Noordwes funksioneer steeds goed en het al sedert Januarie 256 besoeke gehad.

Die eerste groep KMMO's wat vir die ondernemingsontwikkelingsprogram geregistreer is, het Fase 1 van die program voltooi. 'n Bykomende 10 tot 15 KMMO's sal gekies word om vanjaar by die program aan te sluit.

Die ontwikkelingsentrum bied 'n kantoorruimte waar entrepreneurs en gemeenskapslede kan werk en die Wifi-geriewe kan gebruik vir e-pos, virtuele vergaderings, opdatering van registrasievorms, sowel as kontaknetwerke.

"Ek is dankbaar vir al die hulp wat ek van die Ekonomiese Ontwikkelingsentrum ontvang het. Ek kan nou my besigheid beter bemark sodat ek my kliëntebasis kan verbreed," sê **Motswasele Boikanyo van Boikanyo and Associates, een van die begunstigdes van die ondernemingsontwikkelingsprogram.**



## LOOPBAANVOORLIGTING

Graad 9-leerders het in Februarie loopbaanvoorligting ontvang. Ons vennote by Nzalo Careers het die Knowing Me, Knowing My Future-program aangebied.

Onderwerpe wat aangeraak is sluit Selfkennis, Vakke en Loopbaankeuses en die Kartering van die Loopbaanreis in.

'n Leerder van Nqunde Sekondêre Skool sê: "Ek het geleer hoe om myself as persoon te definieer en hoe om navorsing oor die verskillende loopbaanmoontlikhede te doen."

Die skole wat by hierdie program baat, sluit in: Nqunde Sekondêr, die Pule Leeuw Omvattende Sekondêre Skool, Bopaganang Sekondêr, Colinda Sekondêr, Rekgarathhile Sekondêr en John Frylinck Sekondêr.



## GRAAD 12-TOEKENNINGSAAD




'n Toekenningsaad is aan die einde van Februarie 2022 by Vryburg se banketsaal gehou om erkenning te gee aan die matriekklas van 2021 se prestasies.

Dit is die tweede agtereenvolgende jaar wat ons die geleentheid borg. Die doel van die toekenningsaad is om erkenning te gee aan die uitsonderlike prestasies van die matriekklas van 2021 en om graad 12-leerders aan te moedig om te streef na uitnemendheid en verder aan tersiêre instellings te studeer. Buiten sertifikate het die 20 toppresterders ook skootrekenaars ontvang.


"Dit is 'n eer om vir akademiese uitnemendheid vereer te word en hierdie soort erkenning te kry. Dit dien as 'n wegspringblok om die nuwe hoofstuk van my lewe te begin," sê **Refentse Dikgwatlhe**, 'n leerder van die Pule Leeuw Sekondêre Skool.

## KWARTAALLIKSE BESTEDING (K1 2022)

- Ekonomiese ontwikkeling
- Onderwys
- Jeugontwikkeling
- Welsyn



## GET IN TOUCH

 WaterlooSolarCommunity  
45 De Cock Street, Kanana, 794 Mebane Str

### Kantoorure

09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

### Gemeenskap Skakelbeampte

Claire Phutieagae

066 255 5815

claire.phutieagae@eimsafrica.com

**BLY VEILIG**  
#CoronaVirus

[www.nicd.ac.za](http://www.nicd.ac.za)  
[www.health.gov.za](http://www.health.gov.za)

**Suid-Afrikaanse Hulpbronportaal:**  
[www.sacoronavirus.co.za](http://www.sacoronavirus.co.za)